No 1450 09 Desember 2018

GEMEENTEBRIEF

Gereformeerde Kerk Pretoria-Alkantrant
Leef vir God • Dien mekaar • Lig vir die wêreld

"Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."
Kolossense 2:14

In die erediens

Baie welkom by vanmôre se erediens. Mag ons saam nader aan mekaar en aan die Here groei. Ons het vanmôre een erediens onder leiding van Ds Dirk Kotzee.

Skriflesing: Psalm 96
Fokus: Psalm 96:1 en 2
Tema: 'n Nuwe lied oor Sy verlossingsdade!

Preekskets:

Met soveel uitdagings in ons samelewing is dit moeilik om nie terneergedruk te wees nie. Selfs in die feestyd val dit op dat al hoe minder mense lewensvreugde uitstraal. Finansieël voel almal die druk. Al hoe minder mense kan dit bekostig om weg te gaan en vakansie te hou. As ons weggaan speel dit in meeste mense se gedagtes, of hulle gaan terugkom na 'n leeg gestroopte huis. Verder word die nuus oorheers deur berigte van geweld en politieke onrus. Die prentjie lyk vir baie van ons, baie donker.

Dit is juis binne hierdie omstandighede, binne hierdie konteks, binne hierdie feestyd dat die psalmdigter onder leiding van die Heilige Gees ons oproep om 'n nuwe lied te sing. Hierdie lied is anders as die treurlied wat die wêreld sing. Dit is 'n lied wat met vreugde die eer van die Here besing. 'n Lied wat ons Here se verlossingsdade aan die wêreld eindes verkondig.

Die lied verkondig ons Here se verlossingsdade, want ons God is die enigste God. Daar is niks wat die wêreld kan bied, wat met die enige ware God vergelyk kan word nie. Hy wat mens word en onder ons kom woon. Hy het oorwin. Alles is aan Hom onderwerp. Hy sal regverdig oordeel.

Mag ons viering van die Christusfees hierdie jaar 'n feestelike geleentheid wees, wat die lof van die Here besing met 'n nuwe lied!

Ons sing saam:
Vooraf
Lied 345:1 en 2
Lied 365:1 en 2
Erediens
Skrifberyming 3-3:1,2 en 6
Skrifberyming 9-3:1
Skrifberyming 4-8:1 en 2
Psalm 98-2: 1-3
Skrifberyming 13-3

Kollektes
Tydens erediens:
Diakonale kas

By die deure:
Christelike onderwys

Diensbeurt
Die kerkraadslede wat vandag aan diens is:

Ouderling:
Robert Peters
Diaken:
Lizeth van Dalen

Katkisasie toesig
Geen

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat die komende week verjaar. Ons bid julle 'n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag 9 Desember
Marlene Browne
072 706 6515
Megan Naude
079 467 0147

Maandag 10 Desember
Pieter Swanepoel
082 600 8571
Sanderien Van Der Walt
082 491 5277

Dinsdag 11 Desember
Pieter Matthyser(Snr)
082 771 8214

Woensdag 12 Desember
Estelle Prinsloo
072 785 3935
Henk Hefer
083 381 1983

Donderdag 13 Desember
Oosthuizen Anna-Belle
012 460 6359
Papadakis Carina
083 302 9224

Dialoogbediening:

Ons sal DV volgende jaar na die afloop van die tweede erediens vergader. Ds. Daniël Maritz sal DV volgende jaar steeds die groep een maal per maand toespreek.

Lief en leed

Siekte:

Sr Sannet van Kleef (083 441 2619) is in Johannesburg in die hospital opgeneem vir behandeling. Sy reageer goed op die behandeling en sal eersdaags terugkeer na die huis om verder aan te sterk.

Ons bid haar 'n spoedige en volkome herstel toe.

As daar seer/siekte/vreugde in die gesin is,deel dit asb met ons sodat ons as gelowiges met mekaar kan meeleef.

Kontak asb. die kerkkantoor in die verband.

Kerkkantoor

Die Kerkkantoor sal vir die duur van die Desemberskoolvakansie gesluit wees. U is egter steeds welkom om sr Suanita met enige dringende sake telefonies of per e-pos te kontak by
065 912 5779 *of*
kantoor@gk-alkantrant.co.za

Kersdiens 25 Desember 2018

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand nooi ons gemeente vriendelik uit na 'n gesamentlike erediens op Kersdag 25 Desember.

Waar: GK Waterkloofrand h/v Lange-en Deystraat, Nieuw Muckleneuk

Tyd: 09:00

Prediker: Dr. Douw Breedt

Kollekte: By die deure vir Evangelisasie

Susters hoekie

Sustersaamtrek 9 Maart 2019

Hou solank hierdie datum oop. Die saamtrek word aangebied deur die susters van die Gereformeerde kerke Oos-Moot en Die Kandelaar.

Die tema vir die saamtrek is: Omgewings-bewus: God se kinders gee om vir Sy skepping.

Skinkbeurte

Ons drink vanoggend weer in die nuwe jaar saam tee/koffie na afloop van die erediens.

Koeksisters

Daar is heerlike koeksisters in die portaal te koop teen R30/dosyn.

Tweede erediens

Na aanleiding van ons gemeentevergadering, deel ons u graag mee dat die tweede erediens volgende jaar die vorm van ’n aand erediens sal aanneem. Die eredienste sal 18:00 in die somer en 17:00 in die winter plaasvind.

Gemeente dagboek

Vandag:

So.	09 Desember	09:00 Erediens gelei deur Ds Dirk Kotzee

Belangrike datums:

Wo.	12 Desember	Skole sluit vir 2018
So.	16 Des – 30 Des	Ds Dirk met verlof
So.	16 Desember	Erediens om 09:00 gelei deur Ds Nico Ligthelm
So.	23 Desember	Erediens om 09:00 gelei deur Ds Nico Ligthelm
Di.	25 Desember	Gesamentlike Kersdiens om 09:00 te Waterklooftrand
So.	30 Desember	Erediens om 09:00 gelei deur Ds Nico Ligthelm
So.	06 Januarie 2019	Erediens om 09:00 gelei deur Ds Dirk Kotzee

Uit die pastorie:

Ons gaan DV eersdaags met verlof by die familie in Namibië kuier. Ons gesin wil u elkeen ’n geseënde Christusfees en ’n voorspoedige 2019 toebid. Mag u elkeen in hierdie feestyd die liefde en genade van ons Here tasbaar ervaar en met moed die nuwe jaar binnegaan.
Seënwense en liefde...

Dirk, Anri, Annerien en Lea

KONTAKBESONDERHEDE

Predikant:
Ds Dirk Kotzee: 012 346 2333 /
079 305 3297
dirk@gk-alkantrant.co.za

Skriba:
Robert Bakker: 082 322 3203
skriba@gk-alkantrant.co.za

Administratiewe beampte:
Suanita Bakker: 065 912 5779
kantoor@gk-alkantrant.co.za

Attes skriba:
Tjaart van der Walt:
083 303 1275, mwnts@mweb.co.za

Kassier:
Johan Erasmus:
084 800 1772, johan@ebhub.co.za

Bankbesonderhede:
GK Alkantrant
ABSA Rekeningnommer:
540 340 404
Takkode: 334 745.

Diakonie voorsitter:
Danie Dreyer: 082 844 6870
danie@marketingss.co.za

Diakonie kassier:
Geert de Jong: 084 686 9161
gdejong@lantic.net

Diakonie bankbesonderhede:
Diakonie Gereformeerde Kerk
Alkantrant
ABSA Rekeningnommer:
540 280 339
Takkode: 335-545

Posadres:
Posbus 92,
Newlands,
0049

Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za